

UIT DIE SERNICK-KRAAL



Van Sernick aan jou - Vleisgehalte

Faktore wat 'n rol speel in vleissagtheid

- **Rastipe:** Die sagtheid van vleis neem af soos *Bos Indicus* toeneem en *Bos Taurus* afneem. Dit is as gevolg van die verskille in sagtheidsensieme. *Bos Indicus*-vleis bevat meer kalpastatin, wat sagtheidsensieme inhibeer. Die uitwerking hiervan kan grootliks deur die korrekte slagprosedures verminder word. Vleissagtheid is oorerflik en kan nie op die lewendige dier gemeet word nie, maar genetiese merkers kan gebruik word om individuele diere met 'n hoër potensiaal vir sagter vleis, te selekteer.
- **Voeding:** Hierdie aspek verwys na die verskil tussen voerkraal- en veldgevoerde beeste. Navorsing dui daarop dat voerkraalbeeste sagter vleis lewer, terwyl die smaakintensiteit beter is by veldgevoerde beeste. Veldgevoerde beeste groei stadiger, wat meer volwasse bindweefsel tot gevolg het. Veldgevoerde vleis word gekenmerk deur geel vet, teenoor voerkraalbeeste se wit vet.
- **Groeibevorderaars:** Anaboliese steroïed-inplantate en B-agoniste word gebruik om groei te bevorder en vetneerlegging uit te stel. Die onoordeelkundige gebruik hiervan kan 'n nadelige invloed op vleissagtheid hê.
- **Geslag:** Vroulike diere se vleis is meestal sagter as dié van manlike diere as gevolg van die hormoon testosteroon, wat by bindweefselsintese betrokke is.
- **Ouderdom:** Die vleis van jonger diere is sagter as dié van ouer diere as gevolg van onvolwasse kollageen (waarvan jong diere meer het) wat maklik oplos tydens die gaarmaakproses.
- **Spanning:** Indien die diere gespanne

is voor slagting, verswak die vleis se voorkoms, sappigheid en sagtheid. Spanning put die energiedraende komponente in die spiere uit voor slagting, wat dan onvoldoende energie beskikbaar stel om melksuur om te skakel. Dit lei gevolglik tot 'n gebrek aan die gewenste daling van die vleis se pH en lewer dan taaier vleis.

- **Marrowing:** Dit is die wit spikkels vet wat in die spiere voorkom en wat later in 'n dier se fisiologiese ontwikkeling neergelê word. Meer marmering sorg vir sagter vleis.
- **Verkoeling:** Karkasse word vinnig verkoel vir goeie higiëne en 'n goeie rakleefyd. Indien 'n karkas te vinnig afgekoel word, kan dit tot koelkrimping en vertaaiing lei.
- **Elektriese stimulasie:** Word gebruik om koelkrimping en vertaaiing te beheer. Dus lewer karkasse wat korrek elektries gestimuleer is, sagter vleis.
- **Veroudering van vleis:** Die karkas verstyf eers sowat 24 uur ná slagting. Daarna begin dit verslap en versag, waarna veroudering en rypmaking begin. Twee metodes word gebruik, naamlik droë veroudering, waar die heel karkas aan die haak verouder word, en nat veroudering, waar snitte in 'n vakuumsak verouder word. Die verouderingstydperk wissel gewoonlik tussen sewe en 28 dae.

Vleisgehalte is prioriteit

Vleisgehalte is 'n prioriteit vir Sernick se navorsing- en innovasie-afdeling, wat deur



Sernick se nuwe navorsing- en innovasie-afdeling stel nuwe maatstawwe.

Trots op ons nuwe afdeling

Die doel van die navorsing wat ons by Sernick doen, is om die rooivleiswaaardeketting te innoveer. Dit sluit verskillende produkte en die gebruik daarvan, prosesse, tegnologie, besigheidsmodelle en sektore in die bedryf in.

As navorsing nie goed genoeg is om wetenskaplik te publiseer nie, is dit nie goed genoeg om toe te pas nie.

Phillip Oosthuizen en dr Piet Swiegers bestuur word. Al die bogenoemde faktore is nagevors, waarna verskeie opgraderings en projekte aangepak is.

Eerstens is Sernick se abattoir in Kroonstad, Country Meat, se veehanterings- en versameleriewe opgegradeer om diere se spanning te verminder. 'n Nuwe skietkrat en elektriese stimulasietoestel word eersdaags geïnstalleer. Die vleisverouderingsprotokol is ook hersien.

Verder is 'n voerkraalprojek van stapel gestuur om die finansiële uitwerking, asook die uitwerking op vleissagtheid, van verskillende kombinasies van groeibevorderaars te bepaal. Sernick en Country Meat se visie is om 'n produk met konstante hoë waarde aan verbruikers te lewer – om vleis van 'n kommoditeit na 'n produk met hoë waarde te omskep.

Kontak ons gerus vir meer inligting.
Phillip Oosthuizen: Hoof van Ekonomie
en Navorsing. Sel: 079 901 8763.
Epos: phillip@sernickgroup.co.za
Webtuiste: www.sernick.co.za

"I never lose.
Either I win or I learn."

Die krag van optimisme

Suid-Afrikaanse landbouers is uniek